

23 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 6 (NAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 6:5-8

Die heilige God gebruik gewone mense in sy diens

Jesaja 6 beskryf die roeping van Jesaja om as profeet van God op te tree. In 'n gesig, waarskynlik in die tempel in Jerusalem, het Jesaja die Here gesien – en hierdie gesig het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak. Wat hom veral getref het, is die uitroep van die serafs: “Heilig, heilig, heilig is die Here, die Almagtige.” Die gedagte van die heiligheid van God het hom sy hele lewe bygebly. Telkens verwys hy in die boek ook na die Here as die “Heilige van Israel”.

Die besef van die heiligheid van die Here het hom ook sy eie onwaardigheid laat besef. Hy is 'n nietige, sondige mens. Die verskil tussen hom en die Here is so groot dat hy eintlik moes gesterf het toe hy die Here gesien het. Tog gebeur dit nie. 'n Seraf raak hom met 'n gloeiende kool aan en so word hy as 't ware deur vuur heen gereinig. Daarom was hy ook dadelik bereid om die roeping te aanvaar toe die Here iemand gesoek het om as boodskapper, as profeet, na die volk te stuur. Dit was geen maklike taak nie, want die volk wou nie na die Here se Woord luister nie. Tog kon Jesaja steeds volhard om sy roeping uit te voer, juis omdat hy geweet het dat hy in diens staan van die heilige God.

God vergeef ons ons sondes op grond van die verdienste van Jesus Christus. Deur sy Heilige Gees rus Hy ons toe vir ons taak as sy kinders in hierdie wêreld. Nooit mag ons daarvan terugdeins om vir Hom te getuig nie.

Sing: Psalm 45:1, 6, 16

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)